VLEESBAAI DIENSTE NPC

VLEESBAAI NUUSBRIEF / *VLEESBAAI NEWSLETTER*

September 2016

Geagte Vleesbaai Eienaar,

Welkom by die September 2016 uitgawe van die nuusbrief deur Vleesbaaiers aan Vleesbaaiers. Ons deel graag die jongste nuus oor gebeure wat Vleesbaai nog meer 'n besondere dorp maak waarop almal trots kan wees.

Dear Vleesbaai Owner,

Welcome to the September 2016 edition of the newsletter by "Vleesbaaiers" for "Vleesbaaiers". It is our priviledge to share with you the latest news that endears Vleesbaai even more as 'n special village that one and all can be proud of.

DECEMBER HOLIDAY SEASON / DESEMBER VAKANSIESEISOEN

The December holiday is once again upon us, and as usual we are expecting a bumper festive season. We would like to extend a hearty welcome to all owners with their families and friends who are planning to spend their holiday at Vleesbaai. May you enjoy every minute of your stay at Vleesbaai.

Lewensredders: Swem en baljaar in die see is sekerlik dié Vleesbaai aktiwiteit wat deur een en almal die meeste geniet word. Natuurlik hou die see ook gevare in, soos byvoorbeeld gevaarlike trekstrome *(rip currents)* wat verlede jaar so baie probleme veroorsaak het. Daarom is lewensredders op ons strande uiters belangrik. Gedurende die vakansie sal daar twee spanne wees, een by middelstrand en een by noordstrand. Verder het Vleesbaai Dienste besluit om vir elke strand 'n behoorlike lewensredderstoel te voorsien. Die skets hier langsaan wys die ontwerp van die stoele. Ons wil vakansiegangers by voorbaat versoek om gehoor te gee aan die instruksies van lewensredders sodat tragedies vermy kan word.

Branderplankry: Met branderplankry is swem in die see nog soveel lekkerder. Vleesbaai is onder branderplankryers bekend vir uitstekende branders onder bepaalde ideale toestande. Dit gebeur so een-, tweekeer per jaar: 'n verbygaande kouefront stuur reusedeinings uit 'n oostelike rigting die baai in. Dan sak branderplankryers uit alle windrigtings op ons dorpie toe. Die laaste week van Julie was dit weer so toe sowat 60 brander-plankryers op Vleesbaai toegesak en die aanstormende branders gery het soos die foto hiernaas wys. Van hulle kon dit selfs regkry om die "tonnel" - wat so kenmerkend is van 'n reuse brander - te ry. Mag Desember goeie branders vir ons branderplankryers bring. Daar is verdere goeie nuus in die sin dat Helouise le Roux, een van ons nuwe inwoners in Vleesbaai en 'n ervare afrigter, in die vakansie branderplanklesse gaan aanbied. Haar kontakbesonderhede vir besprekings sal by die Vleesbaai winkel beskikbaar wees.

Tidal pool: *Another facility that especially our younger kids will enjoy, is the tidal pool. The pool itself and the area next to it have been upgraded extensively by repairing the paving, removing the alien vegetation and replacing it with lawns, and planting indigenous trees that in due course will provide plenty of shade. Picnic tables have been provided, making the tidal pool an ideal place for families to have day picnics.*

UPGRADING OF VLEESBAAI / VERFRAAIING VAN VLEESBAAI

Many a pleasant surprise awaits visitors to Vleesbaai because of the results of projects initiated by the Aesthetics Committee who were introduced to you in the March 2016 newsletter. Their initial projects included the upgrade of the tidal pool, the cultivation of new indigenous gardens in Main Road, and the design and manufacturing of general information boards, nature boards depicting our animal life and new concrete kerbs with street names. However, they have done much more since.

Driehoek klofie: Baie van Vleesbaai se ouer garde sal nog die klofie in Driehoek met sy "waterval" onthou. Oor die jare heen het die klofie egter heeltemal toegegroei geraak met indringer rooipitjie bome. Onder leiding van die Estetiese Komitee is al die rooipitjie bome en ander indringer plante uitgeroei met die gevolg dat die besondere "waterval" nou weer duidelik sigbaar is. Nuwe inheemse bome en struike is in die kloof geplant, veral om voëls soos uile, bokmakieries, suikerbekkies en vleiloeries weer terug te lok. Die foto hiernaas wys die waterval met 'n uilehok wat daar naby geplant is. Verder is 'n sithoekie langs die plankpad bokant die waterval ingerig wat 'n pragtige uitsig van die kloof na die strand se kant toe bied. Dit is die moeite werd om vanaf Gallie Meyerlaan regoor middelstrand die plankpaaie van die klofie te stap om hierdie unieke deel van Vleesbaai te besigtig.

Omgewing van die hoofingang: Die erwe direk langs die hoofingang spog met 'n nuwe baadjie. Die twee huise is geverf, die erwe is opgeruim en tuine is aangeplant. Dit is alles te danke aan die ywer en welwillendheid van Willem en Pienkie Veer wie nou die rondawel langs die Groenewalds in 'n pragtige huis vir hulleself omskep. Verder is waterbessie bome op die Fransmanshoek padreserwe naaste aan die ingang geplant wat ook dien om die aflaaipunt vir boumateriaal af te skerm. Daar word beplan om struike langs Jacob van Rensburglaan te plant om uiteindelik 'n netjiese heining voor die bedryfsterrein van Vleesbaai Dienste te vorm. Die bedryfsterrein self word ook opgeruim en netjies gemaak.

Opgradering van die kerksaal: Daar bestaan al lank 'n behoefte onder Vleesbaai gemeentelede om die kerksaal op te knap, maar weens finansiële omstandighede is die Mosselbaai-Suid NG gemeente nie in staat om hiermee te help nie. Die saal is eintlik meer as 'n kerksaal aangesien daar talle ander aktiwiteite soos dansklasse, VLV byeenkomste, gemeenskapsetes, AJVs van die entiteite, kersmarkte, ens. plaasvind. Dit dien dus ook as 'n gemeenskapsaal wat wyer ondersteuning en hulp onder die breër gemeenskap verdien. Dit is teen hierdie agtergrond dat die direksie van Vleesbaai Dienste fondse bewillig het vir die opgradering van die saal. Die fondse kom uit die oorskot van die huidige finansiële jaar en sal dus glad nie die 2016/17 heffing beïnvloed nie. Die opgradering is tans aan die gang en behels die verf van die dak en buitemure, die opknapping van die houtvensters aan die noordekant, die vervanging van die staalvensters aan die suidekant met aluminiumvensters (foto), die bou van 'n fasade by die voordeure en kleiner werke soos die vervanging van die teëls op die trappe. Teen Desember gaan u dus 'n kerksaal met 'n broodnodige nuwe baadjie vind.

Strandtoilette: Die bou van die kleiner maar keurige strandtoilette in die parkeerarea bokant Mullerlaan in Vleesbaai Aandeleblok nader voltooiing en sal teen Desember ten volle gereed wees. Die toilette sal daagliks bedien word en kan van die strand af bereik word deur Seelaan (langs die Albatros huis).

BUILDING ACTIVITIES IN VLEESBAAI

After many years of very little building activities there is a noticeable increase since the beginning of the year. By the end of the year Vleesbaai will boast with at least seven newly built houses, three houses that

were extensively restored and upgraded, and plenty more that were upgraded with extensions and new paint coats. We would like to congratulate all owners involved for their modern and tasteful building projects that not only improve the image of Vleesbaai as a seaside village, but that will also increase property values in Vleesbaai eventually. Some of these owners are also becoming permanent residents and to them we extend a hearty welcome. Vleesbaai, as part of the Garden Route with its excellent medical, entertainment, tourist, travel, sport and business facilities, is certainly one of the best places in South Africa to make your home base.

MATTERS REGARDING VLEESBAAI DIENSTE / **VLEESBAAI DIENSTE SAKE**

Management Committee: *This committee, with Eddie Lotz as Chairman, is appointed by the Board of Directors of Vleesbaai Dienste with the responsibility of the day to day management of Vleesbaai as a town. It involves, inter alia, maintaining and upgrading the water, electricity, sanitation and roads infrastructures. This is a task that requires constant monitoring, communication between Committee and staff members, and timely and decisive actions to ensure that services to Vleesbaai residents are delivered to acceptable and optimum standards. The Committee would like to remind owners and residents of the following:*

- ***September account:*** *You will shortly receive your September 2016 account for your water and electricity consumption for the period of February to August 2016, payable before the end of October.*
- ***November account:*** *In November you will also receive an account for 50 % of the 2016/17 levy, payable before the end of December.*
- ***Parking in Main Road:*** *With the influx of visitors and their vehicles during the December/January season, parking can become a problem by reason of the limited parking available in Main Road and elsewhere. Please refrain from overnight parking in Main Road and illegal parking on clearly marked red painted places that will prevent access to homes. Additional parking is available in Hoekbaai.*
- **Honde op die strand:** Die vergunning van Mosselbaai Munisipaliteit dat honde-eienaars met hul honde tussen noordstrand en suid van Boggomsbaai tussen 06:00 en 20:00 mag loop, geld steeds. Hierdie vergunning is egter onderhewig aan ‘n streng gedragskode wat onder andere bepaal dat die honde te alle tye met ‘n leiband onder beheer van hul eienaars moet wees. Gevalle van honde wat strandlopers byt, het reeds voorgekom en honde-eienaars word ernstig gemaan om nie hul honde sonder leibande op die strand toe te laat nie. U word ook daaraan herinner dat dieselfde geld vir honde binne die gebied van Vleesbaai self.
- **Sekuriteit:** Uit die ondervinding van vorige jare is dit duidelik dat Vleesbaai gedurende die Desember/Januarie vakansie geteiken word met diefstalle uit veral huise naaste aan die strand en Tarka kloof. Dit is dus baie belangrik dat eienaars waaksaam moet wees en self die sekuriteit van hul wonings moet opskerp deur byvoorbeeld alle deure en vensters snags te sluit, waardevolle items veilig weg te bêre en diefwerings aan te bring.
- **Algemene Jaarvergaderings:** Die AJVs van Vleesbaai Dienste en die entiteite is soos volg geskeduleer:

  Vleesbaai Dienste:

Direksie	Saterdag 2/4/2016 om 08:30 (indien nodig) - Misgunt
AJV/Direksie	Dinsdag 20/12/2016 om 08:30 - Misgunt en Maandag 2/1/2017 om 08:30 - Misgunt

  Entiteite:

Keerom	Woensdag 21/12/2016 om 09:00 - Kerksaal
Karmosyn	Woensdag 21/12/2016 om 14:00 - Kerksaal
Hoekbaai	Donderdag 22/12/2016 om 09:00 - Kerksaal
Kloofsig:	Donderdag 22/12/2016 om 14:00 - Kerksaal
Driehoek	Vrydag 23/12/2016 om 09:00 - Kerksaal
Visbaai:	Saterdag 24/12/2016 om 08:00 – Kerksaal
VAB:	Dinsdag 27/12/2016 om 09:00 - Kerksaal

U word aangemoedig om die AJV van u aandeleblok maatskappy of huiseienaarsvereniging by te woon. As ‘n lid daarvan kan u kennis neem van verslae en geldsake en kan u ‘n bydrae lewer om te verseker dat u belange die beste gedien word.

- ***Water losses:*** *With parts of our water infrastructure becoming older, water losses are a constant concern. Vleesbaai Dienste and your share block/home owners association are continuously monitoring the water supply network up to the water meter on your stand. Any water leakage on your property is for your own account and it not only increases your costs, but also the cost of water for every consumer in Vleesbaai. It is therefore imperative that the water infrastructure on your property is kept in a sound condition.*
- **VD Kantoorpersoneel:** Die Finansiële Bestuurder is Mnr Philip Fourie en hy kan gekontak word by 044 699 1242 (werk), 086 511 6993 (faks) of vleesbaai@iafrica.com. Die Bedryfsbestuurder is Mnr Chris van Zyl en sy kontakbesonderhede is 044 699 1242 (werk), 083 680 6033 (sel), 086 545 4935 (faks) en vleesbedryf@iafrica.com).
- **Besonderhede van eienaars:** Dit is baie belangrik dat eienaars enige veranderinge in hul persoonlike en kontakbesonderhede aan beide Vleesbaai Dienste (Mnr Philip Fourie) en hul aandeleblok maatskappy of huiseienaarsvereniging moet rapporteer. Veral veranderinge in e-posadresse moet aangemeld word aangesien e-pos is in moderne tye die voorkeur en doeltreffendste wyse van kommunikasie geword het. Dit maak die administrasie van u belange en kommunikasie met u soveel makliker en effektiewer.
- **Brandgevaar:** Vleesbaai was die afgelope winter weer geseën met oorvloedige reëns. Dit het die gevolg dat nie net die omgewing van Vleesbaai oortrek is met geel canolalande en blommende struike nie, maar ook dat sommige onbeboude erwe oortrek is met bome, struike en grasse wat geil groei. Dit is laasgenoemde wat ‘n brandgevaar in droeër maande kan skep en daarom versoek ons eienaars van sulke erwe om dit te laat ontbos. Kontak Mnr Chris van Zyl of die sekretaris van u aandeleblok maatskappy of huiseienaarsvereniging vir advies.
- ***Work on contract:*** *Home owners may contact the Mr Chris van Zyl during the year for minor or urgent repairs/work at your premises, except during the holiday months of December and January. You will be billed separately for this.*

Vleesbaai groete/ *Kind regards*

Carl Serfontein
VD Sekretaris / *VD Secretary*
073 620 4155, carl.serfontein@vodamail.co.za